# Die Doppers en hul Sabbat

*ds. G. Opperman*

Ds. Gustav Opperman is leraar van die Gereformeerde Kerk Brits-Wes.

*Als men't vierde gebodt voor ceremonieel en afgeschaft houdt zoo onbindt men tegen Christus bevel en dreigement Matth 5:17,18,19 nie slegts een van de minste, maer een van de grootste geboden der wet.* Johannes vander Kemp 1737. [1]

**Inleiding**

Met die sinodebesluit van 2003 van die GKSA aangaande die verhouding Sondag en Sabbat word daar 'n verhouding met die Sabbat-beginsel verbreek. Hierdie Sabbat-beginsel het onder gereformeerdes in Suid-Afrika gegeld vanaf die kerkstigting in Suid-Afrika in 1652. Volgens die 2003 sinodebesluit is die Sabbat-beginsel nie meer 'n skeppingsordening nie. Gelowiges en ander staatsburgers staan ook onder geen verpligting meer om een uit sewe dae van hulle arbeid te rus nie. Alhoewel rus van werk goed en nodig is vir die mens, is daar, volgens Sinode 2003 nie 'n bepaalde Skriftelike opdrag om een dag daarvoor af te sonder nie

Verpligte eredienste vir die geloofsgemeenskap op Sondae word ook afgeskaf. Dit is slegs in "navolging van die gebruik van die vroeg-Christelike kerk" dat ons nog eredienste op 'n bepaalde dag in die week hou. Hiervoor word die Sondag "primêr" benut.[2] Enige ander dag in die week sou egter ook goedskiks vir die doel aangewend kon word.[3] Die Sondag kan wel as 'n feesdag gesien word, maar die motivering daarvoor is nie heeltemal duidelik nie. Met verwysing na die samekomste op die opstandingsdag het dit *waarskynlik* geskied omdat die destydse geloofsgemeenskap so daardeur beïndruk was dat hulle daarmee voorgegaan het. Dit wil ook nie sê dat die Sondag noodwendig daardeur die dag vir die erediens geword het nie. Dit het *net tipies op die Sondag uitdrukking gevind*.[4]

Met hierdie besluit word twee woorde in die Afrikaanse taal nou voortaan tot die geskiedenisboeke beperk: *Sabbatsheiliging* en *Sabbatsontheiliging*. Dit staan die gelowige, die ongelowige en hulle owerhede nou vry om met die Sondag/Sabbat te maak wat hulle wil. Probleme wat daar voorheen met *Sondagsport* en *Sondaghandel* was, is dus nou ook iets van die verlede. In die sinodes wat kom sal die kerkregtelike implikasies van hierdie besluit seker verder uitgewerk moet word. Soos Prof Bouke Spoelstra tereg aandui, het artikel 67 van die Dordtse Kerkorde van 1618/19 byvoorbeeld nog altyd die Sondagviering as uitgangspunt gehad.[5] Tot op hede word hierdie KO nog deur die GKSA gebruik.

**Die Sondag/Sabbat vanaf die kerkstigting in 1652**

Die Bataafse Kerkorde van 1643 wat geskoei was op die KO van Dordt het dit ook in soveel woorde aangedui. Daar word by artikel 67 verwys na die onderhouding van die "ordinairen Sabbath".[6] Dit is hierdie KO wat Jan van Riebeeck en sy werkgewers op die Kaapse samelewing sedert 1652 van toepassing gemaak het. In die skeepskis van die sieketroosters was daar ook 'n Statebijbel met kantaantekeninge. Hiervolgens staan die volgende as aantekening by die gebod in Eksodus 20 met betrekking tot die Sabbatdag: *sondert hem af van u gemeyn werck of dagelijshshen arbeyt gehoorende tot dit tijdeliche leven …*

Van die begin van die gereformeerde kerkplanting was daar moeite met die onderhouding van die Sondag/Sabbat. Die instruksies van die Oos-Indiese Kompanie rondom die onderhouding van die Sondag/Sabbat was nie altyd voldoende nie en moes van tyd tot tyd aangevul word. Daar was volgens die Kommandeur steeds *droncken drinckende debouchereren mistsgaders* wat *den dag des Heeren seer*

[1] *De Christen geheel en al het Eigendom van Christus in leven en sterven vertoont in drieënvyftig Predikatien over den Heidelbergschen Katechismus*. Johannes vander Kemp. Amsterdam: Losel en Bosch. 1737 (bl 740)
[2] *GKSA Handelinge van die 48ste Nasionale Sinode te Potchefstroom op 6 Januarie 2003 en volgende dae* (bl. 474 ev).
[3] *Die Kerkblad* GKSA. 29 Januarie 2003. (bl 26).
[4] *GKSA Handelinge van die 48ste Nasionale Sinode te Potchefstroom op 6 Januarie 2003 en volgende dae* (bl. 474 ev).
[5] *Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering*. Die Hammanskraalse Teologiese Skool van die GKSA. 1989. (bl 365)
[6] *Bouwstowwen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika. Deel II.* C Spoelstra. Amsterdam: Hollandsch-Afrikaansche Uitgewers-maatschappij. ( bl 591).

*Godtloselyck ontheyligen*. Daarom was die tappers en die herbergiers terstond verbied om op die dag drank te skink. Verontagsaming van die regulasie kon die oortreder 'n boete en die verlies van sy lisensie vir 12 maande op die hals haal.[7]

Soos dié dag maklik in beslag geneem kon word deur wêreldse dinge, so was die onderhouding van die eredienste terselfdertyd nie altyd 'n vanselfsprekende saak nie. Adam Tas verwys in sy dagboekinskrywing van Sondag 14 Junie 1705 na die laksheid van die predikante wat 'n erediens maklik self kon afstel: *De geestelijke maats in dit land zijn bezonder op haar gemak gezet*.[8]

Nogtans lees 'n mens by reëlmaat jaar in en jaar uit in die goewerneurs se dagregisters hoe *dees' Sabbathdag* deur hulle onderhou was.[9] Vir land en volk moes dit tot groot seën gewees het, want die Goewerneur sluit sy dagregister in 1781 met dank af: *dien Goedertierene Heere* het die land *in stille ruste* van oorlogsramp bewaar[10] (vgl Jes.58:13,14). Van owerheidsweë wil dit dus blyk dat die Sondag/Sabbat die nodige erkenning geniet het. Dit was dus met vrymoedigheid dat die kerkraad van die Kaapse kerk onder leiding van Dominees van Lier en Fleck in die tyd weereens die owerhede met die saak genader het. Die sabbatsontheiliging *door het gemeene volk en de slaven alhier* moes volgens hulle gestuit word. In die verband vra hulle dat die Politieke Raad die plakkaat teen sondagsarbeid sal hernu.[11]

**'n Nuwe Staatkundige en Kerklike bedeling**

Met die oorname van die Kaap eers deur die Britse owerhede en daarna deur die Bataafse Republiek het daar 'n nuwe kerklike bedeling gekom. In die gees van die Franse Rewolusie is hervorminge en omvorminge op vele gebiede deur Kommissaris de Mist aangepak. Volgens talle geskiedskrywers was die invoering van sy *Kercken-orde* in 1804 dan ook die *sterfjaar* van die sewentiende eeuse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.[12] Met sy eerste *proclamatie* op 1 Maart 1803 stel De Mist sy ideaal dat *in deeze volksplanting mooge herbooren worden die geest van matigheid en dien eerbied voor de republikeinsche deugden onzen voorvaderen bezittingen*.[13]

In hierdie opsig was die Kommissaris egter nie 'n navolger van die Robbespiere, die vader van die Franse Revolusie nie. Robbespiere het immers alle Sondag onderhouding in die Franse Republiek verbode verklaar. Hierteenoor het die Bataafse regering aan die Kaap wetgewing uit die vorige bedeling i.s. die onderhouding van die Sondag/Sabbat in ere herstel en selfs hulle eie byvoegings daartoe gelewer. Om op die dag aan *hand- of huiswerken te arbeiden* en *om vooral te laten timmeren, metselen en te bouwen* was nou ook verbode. Sou daar *gedurende den godsdienst allerlei eet- en koopwaren* op straat aangebied word, kon die owerheid beslag lê op die goedere.[14] Wat hierdie wetgewing des te merkwaardiger maak, is die feit dat die *Nationale Vergadering* in Nederland reeds sedert 1796 alle plakkate en resolusies teen die ontheiliging van die Sondag afgeskaf het.[15]

'n Meer merkbare verandering sou intree met die Engelse oorname van die Kaap. In dié tyd is daar 'n toename van klagtes oor nuwe verskynsels soos *the Races* (perdewedrenne) en danspartye. Die goewerneur het dit selfs goed gedink om Sondae vir die toenemende dansmanie af te sonder. Predikante soos ds. G.W.A van der Lingen het na die beste van hulle vermoë wal gegooi. Algaande het daar ook 'n gees van onverdraagsaamheid teenoor die kerk na vore gekom. Veral die Sondagswet waarvoor die kerke in 1837 hulle beywer het, het onder bytende oordeel gekom.

Selfs 'n Hollandse gesinde blad soos die *Meditator* wemel van sarkasme teenoor enige vorm van Sabbatsywer. 'n Voorbeeld uit 1837 lees soos volg: *O Mores !!! (dat betekent: Basta soep eten op Zondag!). Gaat na Kerk, goede zielen ! Gaat maar zoet alle Zondagen naar Kerk ! En als gij honger moogt hebben, gaat dan de fraaije predikatien van den Eeerw. Heer S …. hooren, en gij zult spoedig verzadigd worden.*[16]

---

[7] *Die Wordingsgeskiedenis van die Hollandse Kerke in Suid-Afrika* 1652-1804 deur H.D. van Broekhuizen. 1922. Pretoria: J.H. de Bussy Bpk (bl 18).
[8] *Het Dagboek van Adam Tas* (1705-1706). 1914. London: Longman, Green en Co (bl 6).
[9] *Kaapse Archiefstukken Lopende over het jaar 1780*. Kaapstad: Cape Times Beperkt. 1928.
[10] *Kaapse Archiefstukken Lopende over het jaar 1781*. Kaapstad: Cape Times Beperkt. 1930.(bl 284).
[11] *Helperus Ritzema van Lier* deur T.N. Hanekom. 1959. Kaapstad: N.G. Kerk-uitgewers. (bl 158).
[12] *De Geschiedenis van die Christelijke Kerk*. T. Hamersma. S.O. Los & J.D. du Toit. (bl 316).
[13] *Kaapse Argiefstukke. Kaapse Plakkaatboek*. Deel VI (1803-1806). Parow: Cape Times Limited. 1951 (bl 4).
[14] *Kaapse Argiefstukke. Kaapse Plakkaatboek*. Deel VI (1803-1806). Parow: Cape Times Limited. 1951 (bl 148).
[15] *Gereformeerd Kerkrecht*. Tweede Deel. H. Bouwman. 1934 Kampen: J.H. Kok. (bl 478).
[16] *Die Liberale Rigting in Suid-Afrika* deur T.N. Hanekom. 1951. Stellenbosch: C.S.V. Boekhandel. (bl 170ev)

**Die Sondag/Sabbat op die buitewyke**

Teen hierdie tyd was die binneland reeds vêr binnegedring en die tydsgees wat aan die Kaap gegeld het, het weinig impak in die afgesonderde gebiede gehad. Op die afgeleë plase was die boere skaars bewus van die invloede in die Kaap. Die Statebybel met sy kanttekeninge was nog steeds hulle daaglikse spyse. Daarbenewens het 'n beperkte aantal godsdienstige boeke ook 'n belangrike rol gespeel. Hier word na die bekende *auteurs* van die Nadere Reformasie verwys, o.a.: Johannes van der Kemp, à Brakel en Smijtengeld.[17] Dit is hierdie afgesonderde grensboere wat die oorspronklike gereformeerde beginsels gehandhaaf het. Later sou hulle as die *Doppers* bekend staan. Met hierdie oortuigings is hulle dan ook later dieper die binneland in. Hoe het die Sondag/Sabbat-siening van die Doppers daar uitgesien? Die mees verteenwoordigende *auteur* onder die pioniers was ongetwyfeld Wilhelmus à Brakel . Sy bekendste werk was *Redelijke Godsdienst* wat in 1700 die eerste keer verskyn het en in die loop van die 18de eeu minstens 21 drukke beleef het.[18] Soos met die ander gebooie word die verkry die Vierde Gebod die nodige aandag van à Brakel.[19]

Hy begin deur 'n aantal etiese riglyne vir die besteding van die sabbatdag deur te gee. Hieronder mag die dag o.a. nie as werkdag, markdag, plesierdag of *sondendag* aangewend word nie. Laasgenoemde verwys na die gebruik van sommige om *sig op te pronken met allerley werelts optoysel*. Met die positiewe inkleding van die gebod is à Brakel ewe eens ferm: die huisgesin moet versorg wees vir dag sodat aankope nie nodig sal wees nie, in navolging van God moet daar op die sabbat heilige rus wees, die gelowige moet hom op die dag verlustig in God se werke, die openbare vergaderinge bywoon, die gemeenskap met die heiliges beoefen, die ellendiges besoek, nabetragting oor die goeie van God in die lewe hou en elke gelowige behoort ook op die sabbat ook reikhalsend te verlang na die ewige rus.

Vervolgens gee à Brakel aandag aan die kwessie of die sabbat 'n skeppings-ordening is al daar nie. Hierdie saak word breedvoerig bespreek. Die hele Bybel en die uitsprake van die vroeë kerk word onder die loep geneem. Hy kom tot die gevolgtrekking *dat den sevensten dag voor den Val is ingestelt* en dus nog vandag nog geld. In die tweede deel van *Redelijke Godsdienst* noem à Brakel dat die sabbat met die opstanding van Christus *verzet werd* na die dag wat Johannes die Dag van die Here noem.[20]

Dit kan gevra word hoe hierdie beginsels in die praktyk onder die landelike Doppergemeenskap tot uiting gekom het ? Met die aanbreek van die Sondag/Sabbat op die ou boerewerf vêr van die naaste kerk moes alles wat moontlik kon, tot rus kom. Dis was 'n stil en gewyde feesdag wat in baie opsigte die Saterdagmiddag begin het. Toe reeds is die werksaamhede gestaak, die plaasgereedskap weggebêre en die werf skoongemaak. Ook in die huis is alles skoongemaak en die huiswerk afgesluit. Op die sabbatdag is die spesiale sondagsklere aangetrek, want om tienuur vergader die gesin in die voorkamer waar huisgodsdiens gehou en 'n preek voorgelees word.[21] Die digter F. v.d. Heever het die tydlose Sondagmore op die boerewerf van die verlede soos volg beskryf:

> *Dit is stil in die voorhuis*
> *En stilte rus swaar op die stilte daarbuite*
> *En stoffies hang blink in die lug, waar die venster*
> *'n Gulde balk van louter luister inlaat.*
> *Daar word boeke gevat:*
> *Die psalm gaan statig opruis,*
> *Ruis weg oor die druipende wilgers,*
> *Waar die tortels self luister;*
> *'n Himne aan God, aan wie dit gerig is,*
> *'n Statige himne van rus en vrede,*
> *'n Wierookkolom.*
> *Dis weer stil.*[22]

---

[17] *Die <Doppers> in Suid-Afrika*. B. Spoelstra. 1963. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk. (bl 26)

[18] *Volk en Verbond* deur A.W.G. Raath. 2002. *In* Reformerend die millenium in. Bloemfontein: VCHO. (bl 51).

[19] *Redelijke Godtsdienst* deur Wilhelmus à Brakel. Deel II. 1733. Rotterdam: Vanden Aak.(bll 112-149)

[20] *Redelijke Godtsdienst* deur Wilhelmus à Brakel. Eerste Deel. Rotterdam: D.Bolle. (bl 524).

[21] *Ons Volksfeeste* deur P.H. Kapp. 1975. Kaapstad: Tafelberg. (bl 26).

[22] *Die Boerevrou-Boek* onder redaksie van K. Malherbe. 1950. Pretoria: J.L. van Schaik. (bl 74).

In hierdie beskrywinge is daar iets van die verlange te bespeur om deel te wees van die gemeenskap van die gelowiges in die normale erediens op die Sondag. Iets wat uiteraard moeilik was en dikwels slegs by nagmaaltye plaasgevind het. Hoor byvoorbeeld hoe die boere van die Camdebo in 1778 in die taal van die Statebybel hulle lot bekla *hoe meenig bedroefde en verbrijselde siele sugt en verlangt met opgesteeken hoofde tot de voorhoven des Heeren onses Gods te naaderen*. Hulle wou daar wees op die Sondag/Sabbat waar hulle *eenmoedelijk de Name des Heeren onses Gods kunnen aanroepen.*[23]

**Die Sondag/Sabbat tydens die Groot Trek**

Die godsdienssin van die Voortrekkers en hulle gehegtheid aan die kerk is goed geboekstaaf. In die opdrag aan die binnekant van die Statebijbel wat die Engelse inwoners van Grahamstad in 1836 aan Jacobus Uys en sy landgenote gegee het, word o.m. melding gemaak van *de begeerte welke zij aan den dag gelegd hebben om een Prediker te verkrijgen, en hunne stipte nakoming der Heilige Instellingen*. Met hierdie gesindheid, gaan die opdrag verder, sou die Trekkers hulle *laten geleiden door de Bevelen in dit Heilig Boek begrepren, en standvastig aan dezelfs Heilige Wetten zullen aankleven, als onwrikbare voorschriften van den Schepper van het Heelal - den God van alle Natien en Volkeren.*[24]

Op trek was drie eredienste per Sondag was nie ongewoon nie. Hierdie is nie in werksklere bygewoon nie, maar kerkgangers het hulself uitgevat in kis- of kerkklere. Die Sondag/Sabbat is sover moontlik eerbiedig. Daar was nie sonder meer gewerk of na willekeur geskiet nie. Verkieslik moes daar dus ook nie op Sondae getrek word nie.

So is die Israeliete se uittog uit Egipte gedurig deur die Voortrekkers in herinnering geroep. Hulle het hulself vergelyk met die uitverkore volk op pad na 'n beloofde land. Eerw Erasmus Smit het na hulle verwys as *onze reizende Gereformeerde Kerkgemeente in de Woestijn*. [25]

Die Wenkommando wat later teen Dingaan opgetrek het, word deur die geskiedkundige Theal beskryf as verteenwoordigend van *an itinerant prayer meeting rather than a modern army on the march, for the men were imbued with the same spirit as the Ironsides of Cromwell and spoke and acted in pretty much the same manner*.[26] Dit is alles getuienis wat dui op die besondere godsdienssin van die pioniers.

**zoals een Sabbath …**

Daar is ook 'n besliste verband tussen die klassieke gereformeerde verbondsteologie en die gelofte wat in Desember 1839 deur die Wenkommando van Andries Pretorius afgelê is.[27] In hierdie verbondsteologie soos verwoord deur à Brakel en andere, word 'n bepaalde Sabbatsbeskouing gehandhaaf soos reeds aangedui. Dat die Voortrekkers in hulle uur van nood belowe het om 'n besondere dag van die jaar aan die almagtige Verbondsgod te wy *zoals een Sabbat* as Hy hulle die oorwinning sou skenk, kan net beteken dat hulle self 'n besondere waarde geheg het aan die gewone Sondag/Sabbat.

Sonder genoemde Sabbatsbeskouing van à Brakel in gedagte, word enige hedendaagse besinning oor die Bloedrivier-gelofte en die volgehoue viering daarvan as sulks dus sinneloos. H.B Thom het dit reeds in 1949 aangetoon is sy studie oor die Geloftekerk: *Wanneer ons Dingaansdag vier, moet ons na die Gelofte teruggaan. Ons moet op die ontstaan en die inhoud daarvan let, en ons moet weer in die gees daarvan kom.*[28]

In 1938 'n eeu na die aflegging van die gelofte is die gebeurtenis weer in herinnering geroep op die Bloedrivier-terrein. Ds L Botha het die oggend godsdiens gelei en die volgende aangaande die Sabbatskarakter van die gelofte gesê: *Dit mag nooit ontaard in 'n vakansiestemming nie. 'n Dag van ontspanning en uitspatting mag dit nooit word nie. Vir die Voortrekkergeslag was die Sabbat 'n heilige dag.*

[23] *Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie* deur P.J. van der Merwe. 1938. Kaapstad: Nasionale Pers. (bl 250).
[24] *Die Voortrekkers en hul Kerk* deur A.Dreyer. 1932. Kaapstad: Nasionale Pers. (bl 89).
[25] *Op Trek* onder redaksie van J.C. Pretorius. Pretoria: Scripta Africana. (bll 166,168,169).
[26] *History of the Boers in South Africa* deur G.M. Theal. 1973. Cape Town: C.Struik. (bl 117).
[27] *Volk en Verbond* deur A.W.G. Raath. 2002. *In* Reformerend die millenium in. Bloemfontein:VCHO. (bl 52).
[28] *Die Geloftekerk* deur H.B. Thom. 1949. Kaapstad: Nasionale Pers. (bl 113).

*Aan so 'n betaling van die Gelofte het daardie manne ons gebind tot in die verste nageslag*. Teen die tyd moes daar al 'n mate van afval ingetree het, want Ds F. van der Merwe preek by dieselfde geleentheid van die *volksputte wat weer oopgegrawe moet word* n.a.v. Gen 26:18. Een van die putte wat met die *tyd reeds onder die sand bedolwe* geraak het, is volgens hom *die Put van die Dag van die Here*. [29]

Met verloop van tyd was die Geloftekerk in Pietermaritzburg gebou en is die Sondag/Sabbat asook die Gelofte/Sabbat gereeld daar gevier. Die Voortrekker predikant Daniel Lindley het vir 'n geruime tyd die dienste daar gelei - klaarblyklik met goeie gevolg. Self nadat die Engelse invloed in Natal begin toeneem het, het daar nog steeds 'n Sabbatseën op die gemeente daar gerus. *When the first small companies of English immigrants arrived, all ranks and conditions of men, of all creeds, of all complexions or orthodoxy - and possibly of heterodoxy - assembled without hesitancy or controversy in the old Dutch church. With one heart and voice and apparently without desire for change, in harmony as unbroken as the calm and brilliant sun shone on our primitive Sabbaths*.[30]

**Republikeine en Doppers**

Op 23 Februarie 1854 het die Boererepubliek van die *Oranjevrijstaat* tot stand gekom. 'n Uitgangspunt dat die staat hom verbind tot die handhawing en uitbouing van die gereformeerde leer is in die *Constitusie* van hierdie republiek neergelê. Die laaste artikel van die *Constitusie* lui dan ook soos volg: *De Nederduitch Gereformeerde Kerk zal door den Volksraad bevorderd en ondersteund worden*. Hoe hierdie ondersteuning in die praktyk beslag gekry het, blyk o.m. uit die wet op tol tariewe wat by bruê in die republiek gehef was: alleenlik kerkgangers tussen Saterdagmiddag drie-uur en Maandagoggend tienuur was van hierdie tolgeld vrygeskeld. 'n Verdere bepaling lui dat die betrokke pad na 'n dorp moes lei waarin daar 'n kerkgebou was.[31]

Vyf jaar na die republiekwording in die *Oranjevrijstaat*, het die Doppergesindes in hele Suidelike Afrika tot kerkstigting oorgegaan - of tot die *herstigting* van die Gereformeerde kerk in die land soos hulle dit gesien het. In 1869 bring hulle 'n teologiese skool in Burgersdorp op die been met *onze Vader Postma* aan die hoof daarvan.

Handboeke was skaars en Postma verbind hom tot die opstel van 'n handleiding tot die dogmatiek wat dan ook in 1875 verskyn. Hierdie, die eerste werk van so 'n aard uit Doppergeledere self gee ons 'n duidelike beeld hoe dit destyds met hulle Sabbatsbeskouing gesteld was. Na aanleiding van Gen 2:3 sien die handleiding die Sabbat as *'n goddelijke instelling* en *zedelijke verplichting*. Vervolgens word die vraag gevra of die kerk die vrye keuse het om te bepaal watter dag van die week vir die diens aan die Here afgesonder word. Die antwoord is negatief in die gees van à Brakel. Wie die Sabbat as 'n skeppingsordinansie sien, kan nie anders as om die vasgestelde dag daarvoor aan te wend nie. Bekende Skrifgedeeltes uit die Nuwe Testament word verder aangehaal om aan te toon dat die Sabbat vir die Christen nou op *de dag des Heeren* val.[32]

Die Dopper Paul Kruger word later die president van die *Zuid-Afrikaansche Republiek* en word toenemend gekonfronteer deur die versoenbaarheid van reeds genoemde Sabbatsbeginsel en die aandrange van die moderne maatskappy. Sommige van sy volksraadlede het aangedring op 'n strenger Sondagwet terwyl ander niks van die aard wou hê nie. Kruger volg 'n middeweg: Enersyds moes niemand die vryheid hê om 'n ander se vryheid in te kort nie en andersyds mag ons in die strenge toepassing van 'n Sondagwet nie verder gaan as wat die Volmaakte wet vereis nie. Kruger gaan deurgaans van die standpunt uit dat die Woordverkondiging op die Sondag/Sabbat nie versteur mag word nie. Die staat kan oorbodige werk belet, bv. handeldrywe, onnodige transportryery en die werk van mynstampers, maar verdere optrede word aan die gewete van die mense oorgelaat.[33]

---

[29] *Bloedrivierse Eeufees-Gedenkboek* opgestel deur A.G. du Toit en L. Steenkamp. Pietermaritzburg: Natalse Pers. (bl. 15).
[30] *The Life and Times of Daniel Lindley* deur E.W. Smith. 1949. London: Epworth Press. (bl 206).
[31] *Wetboek van den Oranjevrijstaat*. 1892. Bloemfontein: Oranjevrijstaatse Nieuwsblad-Maatschappij. (bll 14,485).
[32] *Mijne Handleiding voor de Godgeleerdheid* deur D.Postma. 1875. Kaapstad: Saul Solomon & Co. (bl 270ev).
[33] *Die Staatsopvattinge van Paul Kruger* deur F.P. Smit. 1951. Pretoria: Van Schaik Bpk. (bl 10ev).

Met die uitbreek van die Anglo-boereoorlog het die gemeentelede van die Afrikaanse kerke in die Boererepublieke aangepas om *lywige, swerwende gemeentes, immer wisselend in samestelling en lidmate-tal* te word. Alhoewel die krygers tydens oorlog dikwels op die Sondag moes veg of vlug, het hulle nogtans 'n hoë agting vir die heiliging van die Sabbat gehad. Daar is by geleentheid opgemerk dat dit *besonder veel moeite kos om 'n Boer sover te kry om op 'n Sondag iets te onderneem, en as hy nie direk aangeval word nie, sal hy nie sy Bybel en psalmboek vir sy Mauser verruil nie*.[34]

**Verskuiwing in die Dopper standpunt**

Etlike jare na die oorlog lê die Nederlander H.H. Kuyper in opdrag van die Gereformeerde Kerken besoek af in Suid-Afrika.[35] Onder die gereformeerde kerke plaaslik beskou Kuyper die *Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika* as die kerkverband wat die *Calvinistisch karakter* die suiwerste bewaar het. Hiertoe het die nougesette vashou van die Doppers aan die Statebybel met kantaantekeninge geen geringe rol gespeel nie. By al die kerkverbande word die Sabbatsrus streng in ag geneem, merk hy op, sonder om te verval in Joodse oordrywing.

In 1927 besluit die twee en twintigste Sinodale vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika om voorstel deur te stuur aan die regering i.s. Sabbatsheiliging.[36] Dank word uitgespreek oor die pogings wat reeds van regeringskant aangewend word om hierdie saak te bevorder in die publieke diens. Desondanks sien die Sinode met teleurstelling dat die *dag des Heeren* ontheilig en die openbare erediens afgeskeep word. Dit blyk dat die ministers self nie 'n goeie voorbeeld stel in die opsig nie. daar word op die Sondag politieke vergaderings gehou - *'n voorbeeld wat reeds deur die naturelle gevolg word*. Sodoende, meen die sinode, sal die Christelike karakter van ons volk langsamerhand verlore gaan.
Later jare het die *Kommissie van die Gereformeerde Kerk vir die bestryding van Sosiale Euwels* weer die kwessie van die Sondag/Sabbat onder die loep geneem. Na die Sinode van 1945 word daar 'n versoek tot die regering gedoen dat die petrolstasies op Sondae ook na die oorlog gesluit sal bly. Hiervolgens word in die handelinge opgemerk dat die saak reeds in 1943 aangeroer is, maar dat hulle tot op hede nog geen antwoord van die regering ontvang het nie.[37]

In 1993 verskyn daar 'n handboek oor die Tien Gebooie deur Prof P.J. de Bruyn van die Potchefstroomse Teologiese Skool. Hiervolgens is die Sondag nie 'n verskuifde sabbat nie. Inderdaad is die Ou Testamentiese sabbat deur Christus vervul en het dit verval. Nogtans bly dit voorbestaan as 'n skeppingsordinansie en 'n verbondsteken. Gelowiges word opgeroep om hulle nie-noodsaaklike beroepsarbeid op Sondae na te laat. In navolging van die Heidelbergse Kategismus se verklaring van die 4de gebod was dit noodsaaklik dat die eredienste op die rusdag bygewoon word. De Bruyn sluit af deur te verwys na die negatiewe gevolge van Sondaghandel, Sondagkoerante en Sondagsport.[38]

Met die aanbreek van die millennium verskyn die Sondag/Sabbat kwessie weer op die tafel van die Nasionale Sinode in die vorm van 'n beskrywingspunt. 'n Studie word nou nodig geag oor die verhouding tussen Sondag en Sabbat om *duidelike prinsipiële riglyne … te gee vir die gelowige se lewe volgens die Vierde gebod*.[39] Die Sinode gee gevolg aan die beskrywingspunt.

In die motivering van die beskrywingspunt het die opstellers vier standpunte rondom die verhouding tussen die Sabbat/Sondag voorgehou. Die standpunte strek van die een uiterste tot die ander uiterste:

1. Die Ou-Testamentiese Sabbat moet steeds gevier word soos die Sewendedagse Adventiste.

---

[34] *Kommandolewe tydens die Anglo-boereoorlog* 1899-1902 deur F. Pretorius. 1991. Kaapstad: Human & Rousseau. (bll 172,200ev).
[35] *Zuid-Afrika Reisindrukken* deur H.H. Kuyper. 1925. Amsterdam: N.V. de Heraut. (bl 114).
[36] Handelinge van die 22ste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in sitting byeen te Reddersburg, O.V.S. op Vrydag 25 Maart 1927 en volgende dae. (bl 132).
[37] Handelinge van die 28ste Sinodale Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in sitting byeen te Potchefstroom op Vrydag 24 Januarie 1945 en volgende dae. (bl 65).
[38] Die Tien Gebooie deur P.J. de Bruyn. 1993. Midrand: Varia Uitgewers. (bl 93ev).
[39] Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Handelinge van die sewe-en-veertigste Nasionale Sinode te Potchefstroom op 10 Januarie 2000 en volgende dae. (bl 433ev).

2. Die Sondag is die Nuwe-Testamentiese Sabbat. Dit is die standpunt van die Westminister Konfessie.

3. Die Sabbat is nie 'n skeppingsordinansie, is nie in die Nuwe Testament afgeskaf en het nie verskuif na die Sondag nie. In die Nuwe Testament word die viering van 'n nuwe dag ingestel, naamlik die Sondag as die "dag van die Here", gefundeer in die feit dat dit die opstandingsdag van die Here is.
4. Die Sabbat is nie 'n skeppingsordinansie nie, is afgeskaf en het nie verskuif na die Sondag nie. Die Here het ook nie in die Nuwe Testament 'n nuwe dag aan die kerk gegee wat gevier moet word nie.

Soos reeds aangedui het Sinode 2003 uiteindelik die vierde standpunt onderskryf.

**Ten slotte**
Volgens prof. Andries Raath is dit *vir baie Afrikaners* vandag *nie meer God en sy gebod wat bepaal hoe die lewe geleef moet word nie. Die kerk het miskien vir sommige op Sondae nog 'n rol te speel, maar die boodskap van die kerk geld vir vele hoegenaamd nie meer gedurende die week nie. So 'n dualistiese Christendom is kragteloos en beslis op die afdraande pad*[40].

Dat die kerk en veral die Dopper kerk nog op Sondae 'n rol te speel het, is na Sinode 2003 se besluit aangaande die Sondag/Sabbat klaarblyklik ook nie meer vanselfsprekend nie. Met hierdie besluit het die kwessie van die Sondag/Sabbat onder die Afrikaner en die Doppers in besonder inderdaad tot rus gekom … alhoewel nie 'n Sabbatsrus nie.

[40] *Volk en Verbond* deur A.W.G. Raath. 2002. *In* Reformerend die millennium in. Bloemfontein:VCHO. (bl 62).